Lewensvaardigheid Siklus 9

Week 1	Week 2
Maandag (2 November)	Maandag (9 November)
Donderdag (5 November)	Donderdag (12 November)

Geagte ouers

Hierdie sal die laaste werk wees wat op die webblad geplaas word.

Alle werk moet asb. in 'n boek of bladsy gedoen word in lopende skrif.

Dankie vir julle harde werk

Groete

Gr.3 Personeel

Maandag (Week 1)

Lees die volgende storie en beantwoord die vrae:

Morsjors

Die arme aarde kry so swaar, want die mense besoedel dit elke dag.
Fabrieke stort chemikalieë en rommel in ons mooi riviere. Dit besoedel dan ons water en maak dat eende, paddas en visse wat in die water bly doodgaan. Fabrieke en motors besoedel ook die lug deur die gasse wat vrygelaat word.

Baie mense gooi nie hulle rommel in 'n asblik nie, maar sommer op die grond. Dit veroorsaak grondbesoedeling, en kan diere dood laat gaan as hulle daardie rommel eet. Ons moet probeer om die Aarde skoon te hou.

Begrip

In jou klaswerkboek:

1. Hoekom kry die aarde elke dag swaar?
2. Hoe besoedel fabrieke die water?
3. Wat gebeur met die diere wat in die besoedelde water bly?
4. Wat besoedel die lug?
5. Hoekom dink jy moet ons rommel in 'n asblik gooi en nie op die grond nie?

Donderdag (Week 1)

Die uitwerking van besoedeling op die mense, diere en omgewing.

Waterbesoedeling is baie ernstig.

- As die water besoedel is dan raak dit die mense en diere, omrede ons die water moet drink.
- Die pype en pompe onder die water word verstop van die besoedeling.
- Die rioolwater is verstop of stukkend en dan loop die rioolwater uit in die strate of omgewing.
- Die stank van die rioolwater maak dit moeilik vir mense om te slaap en te werk, omdat dit so sleg ruik.
- Mense en diere kan siektes kry van die rioolwater.

Lugbesoedeling

- As gevolg van lugbesoedeling word ons osoonlaag vernietig.
- Lugbesoedeling veroorsaak dat baie mense asma en ander siektes kry soos, sinus, longontsteking en brongitis.
- Die skoon, vars lug verander in stinkende en besoedelde lug as gevolg van die fabrieke, motors, vliegtuie en die veldbrande.



Grondbesoedeling

- Grondbesoedeling laat ons Aarde lelik lyk met al die rommel wat rondlê.
- Die diere en mense wat op straat bly kan baie siektes optel met al die rommel wat rondlê.
- Die diere en mense kan hulself sny met blikkies en glas, asook siek word as hulle die kos eet wat rondlê.
- Storthope kan broeiplekke raak vir pesdiere soos kakkerlakke en rotte.

Geraasbesoedeling

- Die geraas van vragmotors en motors, fabriekmasjinerie en harde musiek veroorsaak geraasbesoedeling.
- Teveel geraas kan jou gehoor beskadig en maak dat jy sukkel om te konsentreer.
- Teveel geraasbesoedeling kan lei tot hartaanvalle en beroertes.

In jou klaswerkboek:

1. Kies die regte definisie uit die tabel wat by die volgende woorde pas, wat onder die tabel verskyn.

Definisies
Hierdie besoedeling vind plaas wanneer skadelike gasse in die lug vrygelaat word.
Dit is wanneer ons die grond, lug, omgewing en water vuil maak.
Hierdie besoedeling vind plaas wanneer die ondergrondse water besoedel word, asook die water van damme, mere, riviere en die see.
Die geraas van vragmotors, motors, fabriekmasjinerie en harde musiek, veroorsaak besoedeling.
Skadelike chemikalieë en afval vanaf die fabrieke en myne vergiftig die grond.

a. Besoedeling →
b. Grondbesoedeling →
c. Geraasbesoedeling →
d. Lugbesoedeling →
e. Waterbesoedeling →

2. Kies die regte woorde in die tabel om by die sinne in te pas.

siektes	water	stank	pesdiere	rotte	Lug	gehoor

a. Die _____ van die rioolwater maak dit moeilik vir mense om te slaap en te werk.

b. Mense en diere kan _____ kry van die vuil _____.

c. _____-besoedeling veroorsaak dat baie mense asma en ander siektes kry soos, longontsteking en brongitis.

d. Storthope kan broeiplekke raak vir _____ soos kakkerlakke en _____.

e. Teveel geraas kan jou _____ beskadig en maak dat jy sukkel om te konsentreer.

Maandag (Week 2)

In jou klaswerkboek:

1. Voltooi die volgende tabel.

- Gee twee uitwerkings van besoedeling by die volgende soorte besoedelings.

<u>Geraasbesoedeling</u> 1. _____ 2. _____
<u>Grondbesoedeling</u> 1. _____ 2. _____
<u>Lugbesoedeling</u> 1. _____ 2. _____
<u>Waterbesoedeling</u> 1. _____ 2. _____

Donderdag (Week 2)

Lees die volgende storie en beantwoord die volgende vrae:

Hou ons lug skoon!

Mamma en Gawie is oppad winkels toe. Gawie sien 'n groot fabriek met baie rook wat uit die pype uitkom. "Mamma is dit nie sleg vir ons as daar so baie rook in die lug is nie?" vra Gawie.

"Dit is baie sleg vir ons Gawie. Baie mense kry keel- en longsiektes van die besoedelde lug," sê mamma. "Die stoute fabrieke," sê Gawie. "Fabrieke is nie al plekke wat die lug besoedel nie Gawie. As baie hout, steenkool en brandstof gebrand word, besoedel dit ook die lug. Selfs die rook van motors veroorsaak besoedeling," vertel mamma. "Ai mamma, dit maak my sommer baie hartseer dat ons die aarde so bemors."

Begrip

2.1. Wat het Gawie gesien toe hulle in die motor ry?

2.2. Is besoedelde lug sleg vir ons? Hoekom sê jy so?

2.3. Wat veroorsaak alles lugbesoedeling?

2.4. Dink jy Gawie was hartseer oor die lugbesoedeling? Hoekom sê jy so?